

Integrasieprosesse in die vroeë Kaapkolonie (1652-1795) binne vergelykende konteks – ‘n historiografiese studie

Pieter de Klerk
Vaaldrifhoekkampus
Noordwes-Universiteit

Abstract

During the sixteenth and seventeenth centuries a number of European countries founded settlements on the American and African continents. The colonizing powers sent settlers from Europe and slaves from Africa and Asia to their colonies. Most of these colonies existed for several centuries, and during this period the economic, social and cultural relations between the settlers, the slaves and the indigenous peoples did not remain static. In none of these colonies were the descendants of the original groups totally integrated into a homogeneous society, but by the end of the eighteenth century the differences between the groups were much less marked in the Spanish and Portuguese colonies of Central and South America than in the British colonies of North America. The article examines recent research on integration processes in the Cape Colony from 1652 to 1795, when the colony was ruled by the Dutch East India Company. It appears that some researchers emphasize the similarities between integration processes in the Cape Colony and North America while others point out significant differences. The article argues that the development of racial barriers in South Africa from the early nineteenth century has influenced scholarly interpretations of the characteristics of Cape colonial society before 1800. It is concluded that, regarding integration processes during this period, the Cape Colony had more in common with the Portuguese colony of Brazil than the British colonies in North America. However, more comparative research is necessary to obtain a clear perspective on integration processes in the Cape Colony within the context of developments in the European settler colonies during the period from 1500 to 1800.

Keywords: South African Historiography; Comparative History; Cape Colony; Dutch East India Company; Colonial Integration Processes; Miscegenation; Acculturation; Khoikhoi; San; Slaves; Free Blacks.

Inleiding

Die periode van ongeveer 1500 tot 1800 in die wêreldgeskiedenis is onder meer daardeur gekenmerk dat mense uit Europa groot gebiede buite hul eie vasteland onder hulle beheer gebring het en nuwe samelewings met 'n ten minste gedeeltelik Europese karakter tot stand gebring het. Immigrante uit Europa het hulle in hierdie periode hoofsaaklik in Noord- en Suid-Amerika, Siberië en die suidwestelike deel van Afrika gevestig. In al hierdie gebiede was daar konflik tussen die koloniseerders en die inheemse bewoners, maar is daar ook koloniale samelewings gevorm waarin daar 'n mindere of meerdere mate van integrasie - polities, ekonomies, sosiaal en kultureel – tussen inboorlinge en koloniseerders plaasgevind het.¹

Daar het ongelukkig min studies verskyn waarin koloniale integrasieprosesse in verskillende wêrelddele deeglik met mekaar vergelyk word. 'n Oppervlakkige vergelyking, op grond van algemene oorsigwerke, toon belangrike verskille tussen integrasieprosesse in Noord- en Suid-Amerika in die periode voor 1800. Aan die ooskus van Noord-Amerika het samelewings tot stand gekom waarin feitlik geen inboorlinge opgeneem is nie en baie min sosiale integrasie tussen die afstammelinge van slawe en die koloniste plaasgevind het. In die meeste dele van Suid-Amerika, daarenteen, het samelewings ontwikkel waarin koloniste, inboorlinge, slawe en mense van gemengde afkoms almal 'n bepaalde plek gehad het en waarbinne daar dikwels nie skerp grense tussen koloniste en inboorlinge getrek kon word nie. Dit bring die vraag na vore met watter prosesse in die Nuwe Wêreld die patroon wat in die Kaapkolonie gedurende die Kompanjiestyd ontwikkel het die meeste ooreenstem.

Verskeie historici wat aandag gee aan verhoudinge tussen bevolkingsgroepes in die vroeë Kaapkolonie, beskou hierdie periode as deel van die ontwikkelinge wat uitgeloop het op die stelsel van apartheid en is veral daarin geïnteresseerd

¹ Dit blyk uit oorsigwerke oor die vroeg moderne periode in die wêreldgeskiedenis. 'n Belangrike oorsigwerk, veral omdat daarin 'n vergelykende perspektief gebied word, is DK Fieldhouse, *The colonial empires; A comparative survey from the eighteenth century* (London, Weidenfeld & Nicolson, 1965). L Hartz (ed), *The founding of new societies* (New York, Harcourt & Brace, 1969) verskaf ook 'n vergelykende perspektief, maar die boek gaan uit van die teorie dat in elk van die "nuwe samelewings" wat in Noord-Amerika, Suid-Amerika, Suid-Afrika en Australië gestig is, 'n besondere tydvak of stroming in die ontwikkeling van die Europese samelewing vasgevang is en vergelykings word hoofsaaklik gedoen met die doel om hierdie teorie te bevestig.

om die oorsprong van die idee van blanke rassemeeerdeerdewaardigheid² vas te stel. Die gevaar van so 'n benadering is dat beskouinge oor Suid-Afrika se rasverhoudinge na 1800 op die vroeëre periode geprojekteer word.³ In sowel Suid-Afrika, die Verenigde State van Amerika (VSA) en Latyns-Amerika het integrasieprosesse wat voor 1800 begin het oor die algemeen in latere eeuve voortgegaan, maar soms 'n nuwe wending geneem of selfs tot 'n einde gekom. Wanneer vergelykings tussen Suid-Afrika en ander lande gedoen word, word dit selde net ten opsigte van die tydperk voor 1800 gedoen. Navorsing waarin Suid-Afrika vergelykend met ander koloniale gebiede in hierdie periode behandel word, is egter noodsaaklik om die integrasieprosesse in die vroeë Kaapkolonie binne die groter konteks van ontwikkelinge in die vroeë Europese koloniale ryke te interpreteer. In hierdie artikel word net gepoog om bestaande studies krities te bekijk en op grond daarvan voorlopige gevolgtrekkinge te maak. 'n Meer omvattende vergelykende studie is nodig om hierdie voorlopige bevindinge te bevestig of te weerlê.

In vroeë geskiedwerke oor die Kaapkolonie in die Kompanjiestydperk is gefokus op die geskiedenis van die koloniste en is veral politieke gebeure, en in mindere mate ook ekonomiese ontwikkelinge, behandel. Vanaf die 1970's is daar egter heelwat navorsing gedoen oor die Kaapse samewwing in die periode 1652-1795 en die verhoudinge wat in hierdie tydperk tussen die verskillende bevolkingsgroepe bestaan het. Soos verder in die artikel aangetoon word, is daar in enkele studies ook vergelykinge - hoewel meesal nie baie diepante nie - met ander lande gedoen. In hierdie artikel word hoofsaaklik studies wat vanaf die tagtigerjare verskyn het, bespreek, veral met die oog daarop om hul bydrae tot die kennis van integrasieprosesse te bepaal, interpretasieverskille

2 Die begrip ras het in die afgelope eeu betekenisverandering ondergaan en ook tans word dit deur wetenskaplikes verskillend gedefinieer. Vergelyk P Maylam, *South Africa's racial past; the history and historiography of racism, segregation and apartheid* (Ashgate, Aldershot, 2001), pp. 6-9. Soos Maylam aandui, word daar tans sterk emosionele konnotasies oor die wêreld heen aan die begrip geheg. Daarom sal die woord ras sover moontlik verminder word, en waar na mense wat betrek hul velkleur, vorm van oë, tekstuur van hare, ensvoorts, verwys word, die term somatiese kenmerke gebruik word. Die terme blankes en swartes is ook nie sonder probleme nie, maar die woorde kom al in die sewentiende eeu voor. Die term vryswartes is in daardie periode byvoorbeeld in die Kaapkolonie gebruik om 'n groep mense aan te dui waarvan sommiges van Afrika-herkoms, maar die meeste van Asiatiese herkoms was.

3 Dit blyk byvoorbeeld uit die oorspronklike titel van RH Elphick se studie oor die Khoikhoi in die vroeë Kaapkolonie, "The Cape Khoi and the first phase of South African race relations" (Ph.D., Yale, 1972). Vergelyk ook A Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop; Een Nederlandse vestigingskolonie, 1680* (Amsterdam, Prometheus, 1999), pp. 273-274; S Newton-King, *Masters and servants on the Cape eastern frontier, 1760-1803* (Cambridge, University Press, 1999), p. 232.

tussen skrywers aan te te dui en hul waarde vir vergelykende ondersoek na te gaan.⁴

Ter oriëntering word kortlikse enkele algemene opmerkings oor die Kaapkolonie, as deel van een van die koloniale ryke van die sewentiende en agtiende eeu, en oor koloniale integrasieprosesse gemaak.

Die Kaapkolonie, koloniale ryke en koloniale integrasieprosesse – enkele opmerkings

Die begrippe kolonie, kolonisasie en kolonialisme is almal afgelei van die Latynse woord *colere*, wat kultiveer, bewerk, bewoon of ook beskerm beteken. In die geskiedskrywing het dit gebruiklik geword om na die nedersettings wat deur Griekse stede in Suid-Italië en ander Middellandse Seegebiede tot stand gebring is as kolonies te verwys.⁵ Ook die latere vestiginge van Portugal, Spanje, Nederland, Engeland en Frankryk in Asië, Afrika en Amerika staan in geskiedwerke meesal as kolonies bekend. Hierdie kolonies het deel gevorm van die vyf groot koloniale ryke wat in die sestiente en sewentiende eeu gevestig is. Die hoofmotief van al vyf Europese state was om handel te dryf, en in die geval van Nederland, Engeland en Frankryk, het nie die regerings self nie, maar handelsmaatskappye wat in hierdie lande opgerig is, kolonies in ander wêrlddele gestig.⁶ Baie van hierdie kolonies het dan ook die karakter van handelposte gehad, maar elk van hierdie lande (insluitende maatskappye wat onder toesig van die regerings van die lande opgetree het) het ook groter gebiede onder hul beheer gebring waar immigrante uit die moederland, en soms ander Europese lande, hul gevestig het. Na hierdie kolonies word

4 Historiografiese studies wat aspekte van die onderwerp aanraak, is PL Scholtz, HC Bredekamp & HF Heese, ‘n Historiografiese beeld van volkeverhoudinge aan die Kaap tydens die Kompanjiesbestuur, 1652-1795 (Bellville, Universiteit van Wes-Kaapland, 1976); G Cuthbertson, “Cape slave historiography and the question of intellectual dependence”, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 27, 1992, pp. 26-49; N Southey, “From periphery to core; The treatment of Cape slavery in South Africa”, *Historia*, 37, 2, 1992, pp. 13-25; P Maylam, *South Africa’s racial past...*; PH Kapp, “Die VOC-tydperk en die ontwikkeling van identiteitsbewussynne aan die Kaap”, *Historia*, 47, 2, 2002, pp. 679-708; JS Bergh, “White supremacy twenty years on: Opportunities for comparative historical research”, *Historia*, 48, 1, 2003, pp. 355-372; P de Klerk, “Die akkulturasie van die Khoikhoi en die slawe in die Kaapkolonie (1652-1910) - ‘n historiografiese ondersoek”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeschiedenis*, 21, 1, 2007, pp. 1-21; N Worden, “New approaches to VOC history in South Africa”, *South African Historical Journal*, 59, 2007, pp. 3-18.

5 Die oorsprong van die terme kolonie, kolonisasie en kolonialisme word onder meer bespreek in P de Klerk, *Blywende kolonisatie? ’n Vergelyking van ’n aantal kolonisates in die geskiedenis* (Potchefstroom, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, 1975), pp. 3-6.

6 Die rol van handelsmaatskappye word goed na vore gebring in GV Scammell, *The world encompassed; The first European maritime empires, c. 800-1650* (Berkeley, University of California Press, 1981).

gewoonlik as setlaarkolonies of vestigingskolonies verwys.⁷ Die Kaapkolonie het begin as 'n verversingspos op die seeroete na die Ooste, maar binne enkele dekades 'n landboukolonie geword waar Europeërs hul permanent gevestig het. Elk van die vyf koloniale moondhede het slawe, veral uit Afrika, maar ook uit Asië, na die meeste van hul kolonies ingevoer.⁸ Terwyl die slawe van die kolonies op die Amerikaanse vasteland hoofsaaklik uit Afrika gekom het, was dié wat in die Ooste gebruik is veral Asiërs. Die Kaapkolonie was in die unieke posisie dat, bereken oor die hele tydperk 1652-1795, ongeveer die helfte van die slawe uit Asië (hoofsaaklik uit die huidige Indië, Bangladesj en Indonesië) en die helfte uit Afrika (veral Madagaskar en Mosambiek) afkomstig was.⁹

Soos die geval was met ander setlaarkolonies, het die gebied van die Kaapkolonie algaande uitgebrei en nog in 1780, kort voor die einde van die Kompanjiesbewind, is die grens verder ooswaarts, tot by die Visrivier, verskuif.¹⁰ Die hele periode waarin die Kaapkolonie onder die gesag van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) gestaan het, was dus 'n tydperk waar die koloniale owerheid nuwe gebiede met hul inwoners onder sy beheer gebring het. Dit impliseer dat die Kaapse koloniale samelewing van, byvoorbeeld, 1700 nie dieselfde gebiede en dieselfde inboorlingsgroepe ingesluit het as die koloniale samelewing van 1795 nie. Met die stigting van die verversingspos in 1652 is die inheemse Khoikhoistamme aanvanklik as onafhanklik beskou en is daar nie gepoog om hulle onder koloniale bestuur te plaas nie, maar met die uitbreiding van die kolonie het al meer Khoikhoigroepe onder die jurisdiksie van die koloniale owerheid gevallen. Ook die Sangroep wat nie oor die koloniale grense getrek het nie, het uiteindelik deel van die Kaapse koloniale samelewing geword. Gedurende die Kompanjiestyd het die Xhosa en ander Bantusprekende groepe buite die grense van die Kaapkolonie gebly.

7 Vergelyk P de Klerk, 2002. 1652 – die beginpunt van kolonialisme in Suid-Afrika? *Historia*, 47, 2, p. 746.

8 Soos in die inleiding hierbo aangedui, het ook Rusland in die periode voor 1800 'n groot gebied in Asië, naamlik Siberië, onder sy beheer gebring en het immigrante uit Rusland hulle daar gevestig. Anders as in die geval van die ander vyf Europese lande het Rusland se koloniale gebied aan die moederland gegrens en het oorsese handel nie die grondslag van sy koloniale ryk gevorm nie. Verder het die Russen geen slawe uit ander wêrelddele na Siberië gebring nie. In DK Fieldhouse, *The colonial empires...*, asook in verskeie ander werke oor die vroeë koloniale ryke, word die Russiese Ryk wat die tydperk voor 1800 betref nie as 'n koloniale ryk beskou nie. Fieldhouse sien wel die Russiese uitbreiding in Sentraal-Asië in die negentiende eeu as deel van die vestiging van latere Europese koloniale ryke. Hoewel die Russiese uitbreiding in Noord-Asië deel van die Europese ekspansieproses gedurende die periode 1500-1800 vorm, is die verskille met die vyf (ander) koloniale ryke baie groot en word die Russiese Ryk buite beskouing gelaat by die bespreking van die wyer konteks waarbinne die integrasieprosesse in die Kaapkolonie geïnterpreteer moet word.

9 Vergelyk RCH Shell, *Children of bondage; A social history of the slave society at the Cape of Good Hope, 1652-1838* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1994), p. 41.

10 HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854* (Pretoria, Academica, 1989), p. 100.

Uit 'n vergelyking van veral setlaarkolonies op die Amerikaanse vasteland gedurende die periode voor 1800 kom enkele algemene kenmerke na vore wat hieronder kortlik aangestip word met die oog daarop om 'n beeld te vorm van die raamwerk waarbinne koloniale integrasieprosesse verloop het. Soos eintlik reeds in die begrippe kolonie en kolonisasie vervat is, is met die kolonisasie van 'n gebied, byvoorbeeld Brasilië of Peru, 'n bepaalde politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele struktuur tot stand gebring, waarbinne koloniste (wat hoofsaaklik immigrante uit Europa was), slawe en inboorlinge geakkommodeer is. Soos in die Spaanse koloniale ryk het die koloniste in die Kaapkolonie baie min inspraak in die bestuur van die kolonie gehad. Anders as in sommige ander Nederlandse kolonies, is inboorlinge ook nie by die bestuur van die Kaapkolonie betrek nie.¹¹ Binne die kolonie het die gesag by amptenare van die VOC berus, wat gewoonlik net tydelik in die kolonie gewoon het en dus nie as deel van die kolonistegroep beskou kan word nie. Terwyl die koloniale amptenare en die koloniste albei 'n aandeel gehad het in die vestiging en instandhouding van die koloniale struktuur, wat die ekonomiese, sosiale en kulturele aspekte betref, was daar ten opsigte van die politieke gesag steeds 'n duidelike skeidslyn tussen die koloniale owerheid aan die een kant en die koloniste, slawe en inboorlinge aan die ander kant.¹² In die koloniale samelewings wat in die Nuwe Wêreld en in Suid-Afrika tot stand gekom het, het die koloniste, waarby in die Kaapkolonie volgens die VOC-beleid ook vrygestelde slawe en hul afstammelinge ingesluit is, 'n kerngroep gevorm en het die inboorlinge wat glad nie of net in geringe mate by die koloniale ekonomie betrek is, 'n randposisie ingeneem, terwyl die slawe op 'n laervlak as die koloniste in die ekonomiese stelsel gestaan het.¹³ Wat die kulturele omstandighede betref, was die taal en kultuur van die moederland in die Amerikaanse kolonies en ook aan die Kaap die taal en kultuur waarmee die owerheid en 'n groot deel van die koloniste hul vereenselwig het. Inboorlinge wat in noue aanraking met die koloniste gekom het, asook die slawe, het in mindere of meerdere mate die taal en kultuur van die koloniseerders oorgeneem.¹⁴

11 Vergelyk A Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop...*, p. 23.

12 Vergelyk HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika...*, pp. 102-114. Vergelyk ook JH Parry, *The age of reconnaissance; Discovery, exploration and settlement, 1450-1650* (Berkeley, University of California Press, 1981), pp. 290-302, vir 'n algemene beskouing van koloniale burokrasie in die sewentiende eeu.

13 Vergelyk DK Fieldhouse, *The colonial empires...*, pp. 11-99; J Osterhammel, *Colonialism; A theoretical overview* (Princeton, Wiener, 1999), veral pp. 69-80.

14 Vergelyk P de Klerk, "Die akkulturasie van die Khoikhoi...", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 21, 1, 2007, pp. 1-21

Die regeerders van Spanje en Portugal het dit as hul plig beskou om die Westerse Beskawing en die Christendom onder die gekoloniseerde bevolking te versprei.¹⁵ Rooms-Katolieke priesters se aktiwiteite in die kolonies het dan ook kultuuroorname in die hand gewerk. In die Kaapkolonie is daar maar min sendingwerk onder die Khoikhoi en die San gedoen voor 1795 en die VOC-owerheid het, behalwe vir enkele pogings in die heel vroeë jare, dit geensins bevorder nie.¹⁶ In baie kolonies, veral in Latyns-Amerika, het die proses van kultuuroorname daartoe geleid dat die inboorlinge heeltemal of gedeeltelik hul eie kultuur verloor het. Tog het sommige Indianegroepe in verskillende dele van Amerika hul taal en kultuur, tot vandag toe, behou.¹⁷ Inboorlinge en vrygestelde slawe wat die taal en ander kulturele eienskappe van die koloniste oorgeneem het, is soms deur koloniste as deel van hul groep beskou. Huwelike, vriendskappe en sakevennootskappe het tussen koloniste, inboorlinge en vrygestelde slawe tot stand gekom. Dit het meegebring dat grense tussen die koloniste en die ander bevolkingsgroepe vervaag het. In geen van die kolonies het hierdie grense voor 1800 heeltemal verdwyn nie.

Ongeag die algemene kenmerke van integrasieprosesse, soos hierbo geskets, is die integrasieproses in elke kolonie uniek. Om 'n duidelike beeld van die integrasieprosesse in die Kaapkolonie te vorm, en enkele vergelykings met ander kolonies te doen, word kortlik nagegaan hoe volledig die prosesse van integrasie ten opsigte van die Khoikhoi (eers in die Wes-Kaap en daarna in die res van die Kaapkolonie), die San en die slawe en hul afstammelinge,¹⁸ deur historici nagevors is. Daar word ook gelet op interpretasievierskille en op vergelykings wat met ander kolonies gemaak word. Daarna word interpretasies

15 Vergelyk DK Fieldhouse, *The colonial empires...*, p. 22.

16 Die redes hiervoor word bespreek in R Elphick & R Shell, "Intergroup relations; Khoikhoi, settlers, slaves and free blacks, 1652-1795", R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840* (Cape Town, Maskew Miller Longman, 1989), pp. 185-194.

17 Dit blyk uit verskeie hoofstukke in PJ Lyon (ed), *Native South Americans; Ethnology of the least known continent* (Boston, Little & Brown, 1974).

18 By gebrek aan 'n beter term word na die koloniste, die Khoikhoi, die San en die slawe as bevolkingsgroepe verwys. Nie een van die terme rassegroep, etniese groepes en kultuurgroepes sou gepas wees nie. Om die bogenoemde groepes net as groepes aan te dui, kan verwarrend wees omdat daar ook baie ander groepes in die Kaapkolonie voorgekom het, byvoorbeeld godsdienstige groepes (Calviniste, Lutherane, Moslems), beroepsgroepes (landbouers, veeboere, handelaars, ensovoorts) en geografiese groepes (inwoners van Kaapstad, Stellenbosch, die Langkloof, ensovoorts). Soos in enige samelewings was die inwoners van die Kaapkolonie lid van meer as een groep, maar, in die reël, net van een van bogenoemde bevolkingsgroepe. N Worden, in sy "Introduction", N Worden (ed), *Contingent lives; Social identity and material culture in the VOC world* (Cape Town, University of Cape Town, 2007), p. x, merk tereg op dat die bestaan van die verskillende bevolkingsgroepe, as kategorieë in die Kaapse samelewings, deur historici oorbeklemtoon is. Die kompleksse aard van die samelewingsverhoudinge in die Kaapkolonie het sodoende nie altyd goed na vore gekom in hul geskrifte nie. Vir die doeleindes van hierdie studie is dit egter noodsaaklik om die bevolkingsgroepe as uitgangspunt te neem by die bepaling van die aard en omvang van koloniale integrasieprosesse.

ten opsigte van die algemene samelewingspatroon in die Kaapkolonie en die rol van integrasieprosesse daarin bespreek.

Die Khoikhoi in die suidwestelike Kaapkolonie

R Elphick, wie se proefskrif, *The Cape Khoi and the first phase of South African race relations*, in 1972 voltooi is en in verwerkte vorm in 1977 gepubliseer is,¹⁹ word nog steeds as die vernaamste ouoriteit oor ontwikkelinge rakende die Khoikhoi in die suidwestelike deel van die Kaapkolonie tot in die vroeë agtiede eeu beskou.²⁰ Hy toon onder meer aan dat, hoewel die Kompanjiesowerheid se beleid aanvanklik was om die Khokhoin as onafhanklike stamme te erken, die koloniale stelsel 'n vraag na grond, vee en arbeid meegebring het. Hierdeur is die voortbestaan van die Khoikhoistamme al hoe meer bedreig. Die pokke-epidemie van 1713 het die verbrokkeling van die stamme verhaas. Van die 100,000 Khoikhoi wat daar waarskynlik teen 1660 in die Wes-Kaap gewoon het, was sestig jaar later heelwat minder as die helfte oor.²¹ In hierdie stadium was die meeste Khoikhoi van die suidwestelike Kaap reeds arbeiders op plase van koloniste en het hulle elemente van hul tradisionele kultuur verloor en aspekte van die Westerse kultuur oorgeneem.²² Bloedvermenging tussen die Khoikhoi en ander groepe het plaasgevind. Elphick en Giliomee wys daarop dat somatiese eienskappe 'n rol gespeel het in bloedvermenging en dat koloniste en besoekers uit Europa 'n seksuele voorkeur vir slawe, veral dié van Asiatische herkoms, gehad het.²³ Aangesien daar baie slawe in die Suidwes-Kaap was, het in hierdie gebied waarskynlik relatief min bloedvermenging tussen koloniste en Khoikhoi plaasgevind. In die Overbergomgewing het dit

19 R Elphick, *Kraal and castle: Khoikhoi and the founding of white South Africa* (New Haven, Yale University Press, 1977). Elphick het beperkte hersiening gedoen vir die tweede uitgawe wat met 'n gewysigde titel verskyn het: R Elphick, *Khoikhoi and the founding of white South Africa* (Johannesburg, Ravan, 1985).

20 Dit blyk onder andere daaruit dat hy 'n afdeling oor die Khoikhoi geskryf het vir 'n resente sintesewerk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis, naamlik H Giliomee & B Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, Tafelberg, 2007).

21 Vergelyk R Elphick, "Die Khoikhoi en die Nederlanders", H. Giliomee & B Mbenga (eds.), *Nuwe Geskiedenis...*, pp. 52-53. Elphick dui aan dat VOC-amprentare in 1713 bereken het dat net 10% van die Khoikhoi na die pokke-epidemie oorgebly het, maar dat dit moontlik 'n oordrywing is.

22 HC Bredekamp, *Van veverskaffers tot veewagters; 'n Historiese ondersoek na die betrekkinge tussen die Khoikhoi en die Europeërs, 1662-1679* (Bellville, Universiteit van Wes-Kaapland, 1982), pp. 77-89 gee 'n duidelike beeld van die invloed van die Nederlandse kultuur op die Skiereilandse Khoikhoi in die vroegste periode van VOC-bestuur. R Viljoen, Jan Paarl, *A Khoikhoi in Cape colonial society* (Leiden, Brill, 2006) verskaf heelwat inligting oor die mate van verwestering wat die Khoikhoi in die suidwestelike Kaapkolonie teen die einde van die agtiede eeu ondergaan het.

23 R Elphick & H Giliomee, "The origins and entrenchment of European dominance at the Cape, 1652-c.1840", R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, p. 526.

tog op groot skaal voorgekom, soos blyk uit studies oor die geskiedenis van die streek.²⁴

GM Fredrickson wy twintig bladsye van sy vergelykende studie van die VSA en Suid-Afrika aan ‘n vergelyking van wat hy noem “the dispossession of the coastal Indians and the Cape Khoikhoi”.²⁵ Hy wys daarop dat, anders as die Khoikhoi, die Indiane in die oostelike kusgebiede van Noord-Amerika hoofsaaklik landbouers was en dat elke stam se gebied duidelik afgebaken was. Die Indiane het egter nie al hul grond bewerk nie en dit meesal verloor deur kooptransaksies en konflikte met koloniste. Soos in die geval van die Khoikhoi, is die Indiane se getalle sterk verminder deur siektes wat met die Europeërs die land binne gekom het en as gevolg van botsings met koloniste. Sommige Indiane is gedwing om na die gebiede ten weste van die kolonies te verhuis. Die enkele inboorlinge wat in die Amerikaanse kolonies agtergebleef het, is hoofsaaklik geassimileer met die slawebevolking. Anders as in die geval van die Khoikhoi, het daar dus geen beduidende groeppe Indiane oorgebly wat as werkers in die koloniale ekonomie opgeneem is nie.

Die Khoikhoi van die noordelike en oostelike Kaapkolonie

In die laat twintigste eeu is heelwat navorsing gedoen oor die oostelike grensgebied van die vroeë Kaapkolonie, veral deur H Giliomee en S Newton-King.²⁶ Die resente studie van N Penn bied ‘n deeglike oorsig van verhoudinge tussen bevolkingsgroepe in die noordelike en noordoostelike Kaapkolonie in die agtiede eeu.²⁷

Giliomee verskaf ‘n samevatting van die nuutste navorsing en sy eie interpretasie daarvan in ‘n onlangse oorsigwerk waarvan hy die grootste deel self geskryf het. Hy dui aan dat, toe koloniste wat ‘n bestaan uit veeboerdery probeer maak het in die binneland van die Kaapkolonie in

24 Vergelyk I Balie, *Die geskiedenis van Genadendaal, 1738-1988* (Kaapstad, Perskor, 1988), p. 40; R Viljoen, *Jan Paarl...*, p. 16.

25 GM Fredrickson, *White supremacy; A comparative study in American and South African history* (New York, Oxford University Press, 1981), pp. 21-40.

26 H Giliomee, “The eastern frontier, 1770-1812”, R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, pp. 421-471; S Newton-King, *Masters and servants...*

27 N Penn, *The forgotten frontier; Colonists and Khoisan on the Cape's northern frontier in the 18th century* (Athens, Ohio, Ohio University Press, 2005). Die studies van PJ van der Merwe, naamlik *Die noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770-1842* (Den Haag, Van Stockum, 1937) en *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1938), gee baie min aandag aan verhoudinge tussen die trekboere en die Khoikhoi.

beweeg het, ‘n verhouding van wedersydse afhanklikheid tussen die koloniste en die Khoikhoi ontwikkel het. Die boere het die Khoikhoi nodig gehad as bondgenote in die botsings met die San en boere het soms aan Khoikhoi beskerming verleen wat dan werk op die veeplase verrig het maar ook hul eie vee behou het.²⁸ Van die boere in Namakwaland het volgens Penn Khoivroue gehad. Kinders uit hierdie verbintenisse het boere geword wat (altans in die vroeë jare) in trekboergemeenskappe opgeneem is. Tog is daar deur ander boere na hulle as as Basters verwys.²⁹ Die aantal Basters in die noordwestelike dele van die kolonie het al meer toegeneem en hulle is deur die koloniste as ‘n bedreiging gesien.³⁰ Hulle is uit gebiede waar koloniste die meerderheid was, verdryf en baie van hulle het hul buite die grense van die kolonie gevestig.³¹ Volgens Elphick en Shell het bloedvermenging tussen koloniste en Khoikhoi veral in die noordwestelike gebiede voorgekom en volgens Newton-King ook in ander dele van die Karoo.³² Swiegers, wat die geskiedenis van die Langkloof in die agtiende eeu nagevors het, meen dat in hierdie landstreek feitlik geen bloedvermenging tussen Khoikhoi en koloniste plaasgevind het nie.³³ Geen historikus het tot op hede die totale persentasie bloedvermenging tussen koloniste en Khoikhoi probeer bepaal nie. Uit die beskikbare navorsing kan aangeleid word dat dit oordrewe sou wees om van grootskaalse bloedvermenging te praat, maar aan die ander kant blyk dit dat die persentasie nie baie klein was nie.³⁴ Dit is ook moeilik bepaalbaar hoeveel mense wat gedeeltelik van Khoikhoi-afkoms was deel van die kolonistegroep geword het. Heese dui aan dat enkele gevalle bekend is van Basters wat in die “blanke samelewing” opgeneem is, maar dat hulle getalle so beperk was “dat dit geen noemenswaardige rol in die onstaansgeskiedenis van die latere

28 H Giliomee & B Mbenga (eds.), *Nuwe geskiedenis...*, pp. 72-73.

29 N Penn, *The forgotten frontier...*, p. 201; A Manson, “Die Basters”, H Giliomee & B Mbenga (eds.), *Nuwe geskiedenis...*, p. 68. Vergelyk L Guelke, “Freehold farmers and frontier settlers, 1657-1780”, R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, pp. 99-100; R Elphick & R Shell, “Intergroup relations...”, R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, p. 201. Sommige Basters was nie afstammelinge van trekboere nie, maar van gedroste Kompanjiesoldate en matrose.

30 N Penn, *The forgotten frontier...*, p. 202; IJ Mitchell, *Belongings: Property, family and identity in colonial South Africa (an exploration of frontiers, 1725-c.1830)* (New York, Columbia University Press, 2009), p. 44.

31 A Manson, “Die Basters”, H Giliomee & B Mbenga (eds.), *Nuwe geskiedenis...*, p. 69.

32 R Elphick & R Shell, “Intergroup relations...”, R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, p. 201; S Newton-King, *Masters and servants...*, p. 206. Vergelyk K Schoeman, *Die wêreld van die digter; 'n Boek oor Sutherland en die Roggeveld ter ere van NP van Wyk Louw* (Kaapstad, Human & Rousseau, 1986), p. 55.

33 JJ Swiegers, “Die geskiedenis van die Langkloof tot 1795” (M.A., US, 1994).

34 Die Franse wetenskaplike en reisiger F le Vaillant het in 1781-1782 bereken dat ongeveer ‘n sesde van die Khoikhoibevolking van die kolonie van gemengde herkoms was, insluitend dus groepe met Europese en met slawevoorouers. R Elphick & R Shell, “Intergroup relations...”, R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, p. 202.

Afrikaner sou kon speel nie".³⁵ Die afleiding kan dus gemaak word dat die oorgrote meerderheid mense wat net ten dele van die Khoikhoi afgestam het, soos die "suiwer" Khoikhoi, in die destydse Kaapkolonie werkers op koloniste se plase geword.

Uit bogenoemde geskrifte blyk dit dat teen 1795 baie Khoikhoi in die oostelike en noordelike dele van die kolonie nog die meeste aspekte van hul tradisionele kultuur behou het, maar dat daar ook Khoikhoi was wat veral die taal maar ook ander gebruikte van die koloniste aanvaar het.³⁶ Koloniste het ook aspekte van die Khoikhoi se kultuur oorgeneem, maar ten opsigte van taal en godsdienst hoofsaaklik hul Europese kultuureienskappe behou.³⁷ Elphick en Shell is van mening dat daar in die agtiende eeu 'n saamgestelde kultuur in die binneland van die kolonie tot stand gekom het met 'n mengsel van Europese en Khoi-elemente. Hulle dui tog aan dat die dokumentêre gegewens waarop hulle hul gevolgtrekking grond hoofsaaklik na materiële kultuur verwys.³⁸

Giliomee, Newton-King en Penn toon aan dat baie Khoikhoi in die Noord- en Oos-Kaap in die loop van die agtiende eeu werkers op veerplase van koloniste geword en in 'n ondergeskikte posisie teenoor die koloniste geraak het. Khoikhoi wat aanvanklik vrywillig in diens van boere getree het, is soms gedwing om op plase te bly en indien hulle sou probeer vlug, is hulle agtervolg. Hulle is volgens Giliomee, Newton-King en Crais feitlik soos slawe behandel.³⁹ Penn dui aan dat daar verskillende vorme van verpligte arbeid op plase bestaan het. Hoewel die stelsel van slawerny aan die Kaap wel daartoe geleid het dat boere soms hul Khoikhoiwerkers soos slawe behandel het, het boere tog die Kompanjiesowerheid se verbod om Khoikhoi in 'n toestand van slawerny te plaas gehoorsaam. Hy meen daarom dat dit onjuis is om na gedwonge arbeid op veerplase as slawerny te verwys.⁴⁰ Ross stel die

35 HF Heese, *Groep sonder grense; Die rol en status van die gemengde bevolking aan die Kaap, 1652-1795* (Bellville, Universiteit van Wes-Kaapland, 1984), p. 37.

36 Vergelyk S Newton-King, *Masters and servants...*, p. 207.

37 Vergelyk L Guelke, "Freehold farmers...", R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, p. 102. Dit blyk ook uit die beskrywing van die leefwyse van boere in die Sederbergomgewing in LJ Mitchell, *Belongings...*, veral pp. 126-164.

38 R Elphick & R Shell, "Intergroup relations...", R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, p. 228.

39 H Giliomee & B Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis...*, pp. 74-75; S Newton-King, *Masters and servants...*, p. 207; CC Crais, *White supremacy and black resistance in pre-industrial South Africa; The making of the colonial order in the Eastern Cape, 1770-1865* (Cambridge, University Press, 1992), pp. 40-47.

40 N Penn, *The forgotten frontier...*, p. 141. Vergelyk ook M Legassick, "The state, racism and the rise of capitalism in the nineteenth-century Cape Colony", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 28, 1993, pp. 340-341, en LJ Mitchell, *Belongings...*, pp. 53-55.

hipotese (soos hy self na sy stelling verwys) dat daar, wat die agtiende eeu betref, tussen twee groepe Khoikhoi onderskei moet word, diegene wat hul ekonomiese selfstandigheid behou het en soms vrywillig vir boere gewerk het en diegene wat in armoede verval het en gedwing is om op plase te werk.⁴¹ Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat teen 1795 nie alle Khoikhoi in die Kaapkolonie nie, maar waarskynlik tog 'n groot aantal, in die ekonomiese stelsel van die Kaapkolonie geïntegreer is as werkers op koloniste se plase en 'n onderhorige posisie ten opsigte van die koloniste beklee het.

Fredrickson se vergelyking van ontwikkelinge in die grensgebiede van die VSA en die Kaapkolonie handel hoofsaaklik oor die negentiende eeu. Dit geld ook vir die werk van Lamar & Thompson.⁴² 'n Vergelyking van integrasieprosesse ten opsigte van die Khoikhoi in die agtiende eeu en die Indiane in die bineland van die Amerikaanse vasteland gedurende die negentiende eeu sou nie baie sinvol wees nie, aangesien die omstandighede in Amerika gedurende die negentiende anders was as in die tydperk daarvoor. Verder het in Suid-Afrika toenemende kontak tussen koloniste en Bantusprekende groepe vanaf die laat agtiende eeu die patroon van verhoudinge tussen die bevolkingsgroepe drasties verander. Sover vasgestel kan word, is daar feitlik nog geen vergelykende studie gedoen rakende die Indiane en die Khoikhoi in die binneland van die verskillende kolonies en hul verhouding met die koloniste en ander bevolkingsgroepe gedurende die agtiende eeu nie.

Die San

Die werke van Penn en Newton-King is die vernaamste studies wat handel oor die verhoudinge tussen die San en die koloniste in die Kaapkolonie. Die San was 'n groot bedreiging vir die veeboere en verskeie kommando's is op die been gebring om hulle aan te val en te verdryf. In hierdie kommando's is San dikwels gedood. Volwasse San sou nie as plaaswerkers gebruik kon word nie omdat hulle leefwyse as jagters en versamelaars moeilik verander kon word en hulle buitendien maklik kon vlug en dan weer 'n bedreiging vir die boere word. Kinders is soms wel na plase geneem waar hulle soos die Khoikhoi en die sogenaamde Baster-Hottentotte ingeboek kon word tot hulle

41 R Ross, *Beyond the pale; Essays on the history of colonial South Africa* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1993), p. 89.

42 H Lamar & L Thompson, *The frontier in history; North America and Southern Africa compared* (New Haven, Yale University Press, 1981).

volwassenheid bereik het.⁴³ Van Aswegen meen dat daar wel sprake was van bloedvermenging tussen koloniste en San, maar dat afstammelinge uit sulke verbintenis nie in die kolonistegroep opgeneem is nie.⁴⁴ Volgens Davenport & Saunders was daar nooit meer as 20 000 San in die Kaapkolonie nie.⁴⁵ Gevolglik kan aanvaar word dat die aantal San wat as werkers op koloniste se plase aspekte van die Westerse kultuur oorgeneem het, maar baie klein was.

Die slawe en die vryswartes⁴⁶

Die vernaamste werke wat in die afgelope drie dekades oor slawerny in die vroeë Kaapkolonie geskryf is, is dié van Ross, Worden en Shell.⁴⁷ Oor die vryswart bevolking het veral Heese, Elphick & Shell en Worden, Van Heyningen & Bickford-Smith belangrike bydraes gelewer.⁴⁸

43 S Newton-King, *Masters and servants...*, pp. 118-121; N Penn, *The forgotten frontier...*, pp. 117-122. PJ van der Merwe, *Die noordwaartse beweging...*, veral pp. 136-175, bespreek die verhoudinge tussen die trekboere en die San. Van der Merwe meen dat die koloniste Sankinders uit "menseliefde" na hul plase geneem het omdat hulle anders van honger sou omkom en dat hulle deur die boere nie as slawe nie maar feitlik as 'n deel van die familie behandel is. Soos uit die bronverwysings in sy werk blyk, grond Van der Merwe hierdie beskouing veral op 'n opmerking van kommissaris JA Uitenhage de Mist wat aan die begin van die negentiende eeu 'n uitgebreide reis in die Kaapkolonie onderneem het.

44 HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika...*, p. 126.

45 R Davenport & C Saunders, *South Africa; a modern history* (Macmillan, London, 2000), p. 6.

46 Soos verduidelik in HF Heese, "Challenging certain aspects of intergroup relations in *The shaping of South African society, 1652-1840 – a review article*", *Kronos*, 17, 1990, pp. 72-74, is die term vryswartes in die Kompaniestyd vir vrygestelde slawe gebruik, maar hul kinders, wat in vryheid gebore is, is vrygeborenes genoem. Persone wat as bandiete uit die Ooste na die Kaap gebring is (en ook Chinese ingesluit het) word nie in dokumente van daardie tydperk vryswartes genoem nie. In die werk van R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, en ander resente geskrifte word nie 'n onderskeid tussen vryswartes en vrygeborenes gemaak nie en slegs die term vryswartes gebruik. Verder skryf K Ward in haar uitgebreide studie oor bandiete en bannelinge in die vroeë Kaapkolonie dat hulle in die vryswart-gemeenskap opgeneem is. K Ward, *Networks of empire; Forced migration in the Dutch East India Company* (Cambridge, University Press, 2009), pp. 151, 242. In die artikel word die term vryswartes in die ruimer sin gebruik.

47 R Ross, *Cape of torments; Slavery and resistance in South Africa* (London, Routledge & Keegan Paul, 1983); N Worden, *Slavery in Dutch South Africa* (Cambridge, University Press, 1985); RCH Shell, *Children of bondage....* K Schoeman het ook uitgebreid oor slawerny in die vroeë Kaapkolonie geskryf in sy werke *Armosyn van die Kaap; Die wêreld van 'n slavin, 1652-1733* (Kaapstad, Human & Rousseau, 2001) en *Early slavery at the Cape of Good Hope, 1652-1717* (Pretoria, Protea Book House, 2007), maar hy aanvaar die werke van Ross, Worden en Shell as gesaghebbende studies. Sy eie interpretasies is sterl daarop gebaseer. Die waarde van sy boeke is hoofsaaklik daarin geleë dat hulle 'n vollediger beeld, met meer aandag aan besonderhede, van vroeë slawerny aan die Kaap verskaf.

48 HF Heese, *Groep sonder grense...*; R Elphick & R Shell, "Intergroup relations...", R Elphick & H Giliomee, *The shaping of South African society, 1652-1840*, pp 184-239; N Worden, E van Heyningen & V Bickford-Smith, *Cape Town: The making of a city*, (Cape Town, Philip, 1998). AJ Böeseken, *Slaves and free blacks at the Cape, 1658-1700* (Cape Town, Tafelberg, 1977); GC de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting, 1657-1707* (Kaapstad, Historiese Publikasievereniging, 1981) en JL Hattingh, *Die eerste vryswartes van Stellenbosch, 1679-1720* (Bellville, Universiteit van Wes-Kaapland, 1981) bevat ook belangrike inligting waarop latere skrywers voortgebou het.

Die slawe in die Kaapkolonie het uiteraard van die begin af deel van die ekonomiese struktuur van die Kaapkolonie gevorm. Die Kompanjiesowerheid en die boere het aanvanklik ook werkers van Europese herkoms gebruik, maar veral die landbougemeenskap van die Wes-Kaap het toenemend afhanklik van slawe-arbeid geword.⁴⁹ Die slawe was uit 'n groot verskeidenheid gebiede afkomstig en dit het dus selde voorgekom dat meer as 'n klein aantal slawe van dieselfde etniese of taalgroep naby aan mekaar gebly en met mekaar kontak gemaak het. Die slawe wat in diens van die owerheid was, was aanvanklik in die meerderheid, maar, met die voortdurende toename van die aantal koloniste aan die Kaap en van die aantal slawe wat hulle in diens geneem het, het die Kompanjieslawe teen die einde van die agtiende eeu net 'n klein deel van die totale aantal slawe in die kolonie uitgemaak.⁵⁰ Die grootste deel van die slawe was dus in privaatbesit en het in noue kontak met hul eienaars geleef. In hierdie omstandighede was dit onvermydelik dat hulle baie van hul oorspronklike kulturele eienskappe vinnig sou verloor en aspekte van die koloniste se kultuur aanneem.⁵¹ Slawe in privaatbesit het selde onderrig ontvang. Dit was waarskynlik 'n belangrike rede waarom min van hulle die Christendom aanvaar het.⁵² Heelwat bloedvermenging van slawe met koloniste en ook met Khoikhoi het plaasgevind. Die Kompanjie se slawelosie het as 'n bordeel vir die plaaslike garnisoen gedien.⁵³ Kinders van slawevroue het egter nie hul status as slawe verloor nie. Dit het meegebring dat daar waarskynlik, veral in Kaapstad en omgewing, heelwat slawe met 'n ligte gelaatskleur was, soms selfs ligter as dié van hul eienaars.⁵⁴ Kinders van manlike slawe by Khoikhoivroue (in die laat agtiende eeu meesal "Baster-Hottentotte" genoem) is nie as slawe beskou nie. Na klagtes van boere dat hulle hierdie kinders moet onderhou

49 A Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop...*, p. 30.

50 JC Armstrong & N Worden, "The slaves, 1652-1834", R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, pp. 123-124.

51 R Elphick & R Shell, "Intergroup relations...", R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, p. 226.

52 RCH Shell, *Children of bondage...*, pp. 349-350, skryf dat koloniste (wat self dikwels half geletterd was) soms gedink het dat slawe wat kan lees en skryf vir hulle 'n bedreiging inhou omdat hulle dan onder meer hul meesters makliker kan bedrieg en dat hulle ook nie moeite gedaan het om slawe in die Christendom te onderrig nie. A Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop...*, p. 289, meen dat die gebrekkige verspreiding van die Christendom onder die slawe veral daaraan toegeskryf moet word dat daar min kinders van slawe was wat self ook die status van slawe gehad het en dat telkens nuwe volwasse slawe in diens geneem moes word wat reeds gevestigde godsdienstige oortuigings gehad het.

53 RCH Shell, *Children of bondage...*, pp. 172-205. Vergelyk ook G Groenewald, "A mother makes no bastard": Family law, sexual relations and illegitimacy in Dutch colonial Cape Town, c. 1652-1795", *African Historical Review*, 39, 2, 2007, p. 68.

54 N Worden, E van Heyningen & V Bickford-Smith, *Cape Town...*, p. 70; vergelyk R Elphick & H Giliomee, "The origin and entrenchment...", R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, p. 537.

sonder kompensasie, is vanaf 1775 die inboekstel, aanvanklik net in die distrik Stellenbosch, ingestel, waarvolgens hierdie kinders tot die ouderdom van 25 verplig sou wees om vir die plaaseinaar te werk. Hierdie stelsel het meegebring dat baie mense wat net gedeeltelik van slawe-afkoms was in 'n onderhorige posisie teenoor die koloniste geraak het.⁵⁵

Vrygestelde slawe en hul afstammelinge, die sogenaamde vryswartes, is soos reeds vroeër aangedui, in die regstelsel wat die VOC aan die Kaap geïmplementeer het as vryburgers (of vryliede), dus koloniste, beskou.⁵⁶ Die Kompanjiesowerheid het gedurende die hele tydperk tot 1795 gereeld slawe vrygestel, en die meeste van hierdie vrygestelde slawe het in die periode voor 1800 in Kaapstad en omgewing gewoon.⁵⁷ Aanvanklik het etlike vryswartes as boere in die distrik Stellenbosch gewoon. Na 1750 was daar min van hulle oor⁵⁸ en was feitlik al die vryswartes in die Kaapse distrik woonagtig waar hulle dikwels vakmanne en kleinhandelaars was.⁵⁹ Vryswartes was hoofsaaklik van Asiatische afkoms en het nie noodwendig 'n "swart" gelaatskleur gehad het soos die term vryswarte sou laat vermoed nie.⁶⁰ Baie van hulle het die Islamgeloof aanvaar, wat tot verdere sosiale en kulturele skeiding tussen hierdie groep en die ander koloniste geleid het.⁶¹ Tog was daar voor 1750 min sprake van residensiële skeiding tussen vryswartes en ander koloniste in Kaapstad en het hulle soms saam in sake-ondernehemings gewerk. Sommige vryswartes het heelwat eiendom (insluitende slawe) besit, terwyl daar aan die ander kant koloniste van 'n hoofsaaklik Europese agtergrond was wat baie arm was.⁶²

Heese se studie lei tot gevolgtrekkinge wat grotendeels ooreenkoms met dié wat Worden en sy medeskrywers ten opsigte van Kaapstad maak. Hy het ookveral navorsing oor die Kaapse distrik gedoen en is van mening dat meer as die helfte van die vryswartes Christene was. Sommige vroue uit die vryswart

55 A Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop...*, p. 108; N Penn, *The forgotten frontier...*, p. 139; H Giliomee & B Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis...*, p. 74.

56 AJ Böeseken, *Slaves and free blacks...*, pp. 77-97; GC de Wet, *Die vryliede en vryswartes...*, pp. 2, 204.

57 R Elphick & R Shell, "Intergroup relations...", R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, p. 211.

58 JL Hattingh, *Die eerste vryswartes...*, pp. 72-75, wys daarop dat, hoewel sommige van die vryswartes en ook koloniste van Europese oorsprong in die vroeë agtende eeu van Stellenbosch na Kaapstad verhuis het omdat hulle nie 'n goeie bestaan as boere kon maak nie, die kinders van ander vryswartes van Stellenbosch met koloniste van Europese herkoms getrou het en hulle (en hul kinders) dan nie meer as vryswartes (of vrygeborenes) beskou is nie.

59 R Elphick & R Shell, "Intergroup relations...", R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, p. 224.

60 R Ross, *Beyond the pale...*, pp. 72-73.

61 R Elphick & R Shell, "Intergroup relations...", R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, p. 225.

62 N Worden, E van Heyningen & V Bickford-Smith, *Cape Town...*, pp. 64-69.

bevolking het waarskynlik huis Christene geword omdat dit hul kanse op ‘n huwelik met ‘n kolonis van hoofsaaklik Europese afkoms sou verhoog.⁶³ Baie huwelike tussen lede van laasgenoemde groep en vryswartes (en veral diogene wat self reeds in vryheid gebore was) het dan ook plaasgevind.⁶⁴ Volgens Heese is ‘n groot aantal vryswartes deur koloniste van Europese herkoms as deel van hul groep beskou. Naas aanvaarding van die Islamgeloof en geboorte in slawerny was ‘n donker gelaatskleur een van die faktore wat ‘n opname in die groep kon belemmer. Tog is persone met ‘n donker velkleur wel in die groep opgeneem, terwyl aan die ander kant persone met ‘n ligte velkleur soms nie as deel van die groep aanvaar is nie en later deel geword het van die groep wat as bruin mense of Kleurlinge bekend sou staan.⁶⁵

Biewenga skryf dat, wat die distrik Stellenbosch in die periode oor 1730 betref, somatiese verskille nie ‘n rol gespeel het in verhoudinge tussen koloniste, insluitende sogenaamde vryswartes, nie.⁶⁶ Na 1750 was daar egter min vryswartes te vinde op die platteland van die Kaapkolonie en was die integrasieprosesse wat hierbo bespreek is dus nie van toepassing nie. Binne die Kaapkolonie as geheel was die vryswartes ‘n klein groep, wat waarskynlik gedurende die agtiende eeu 5 tot 12% van die totale kolonistebevolking uitegemaak het.⁶⁷

In ‘n vergelykende hoofstuk oor bloedvermenging tussen koloniste aan die een kant en slawe en slawe-afstammelinge aan die ander kant onderskei Fredrickson tussen ‘n “restriktiewe” Amerikaanse patroon en ‘n “permissiewe” Suid-Afrikaanse patroon. In die Nederlandse kolonies in die Ooste asook aan die Kaap is ‘n groot deel van die bevolking wat as gevolg van bloedvermenging ontstaan het in die dominerende groep opgeneem, maar in Noord-Amerika het feitlik alle mense van gemengde afkoms deel van die onderhorige groep geword.⁶⁸ Teen die middel van die agtiende eeu was daar in ses van die 13 Amerikaanse kolonies wetgewing wat “inter-racial” huwelike verbied het.⁶⁹ Hy skryf die verskille tussen die twee koloniale samelewings onder meer daaraan toe dat in die Kaapkolonie steeds heelwat minder vroue as mans van Europese afkoms was, maar dat dit nie in Noord-Amerika die geval was nie.⁷⁰

63 HF Heese, *Groep sonder grense...*, p. 33.

64 HF Heese, *Groep sonder grense...*, p. 11..

65 HF Heese, *Groep sonder grense...*, p. 39.

66 A Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop...*, p. 273.

67 Vergelyk HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika...*, p. 139.

68 GM Fredrickson, *White supremacy...*, p. 97.

69 GM Fredrickson, *White supremacy...*, p. 101.

70 GM Fredrickson, *White supremacy...*, pp. 102-104.

Worden, daarenteen, sien belangrike verskille tussen die Kaapkolonie en die Nederlandse kolonies in die Ooste, veral in dié opsig dat in die Kaapkolonie minder slawe vrygestel is as in Oos-Indië en die vryswartgroep baie klein gebly het. Hy meen dat die redes daarvoor veral daarin geleë is dat die Kaapkolonie, anders as die kolonies in die Ooste, hoofsaaklik 'n landboukolonie was. Boere was te afhanklik van slawe-arbeid om slawe vry te stel. Verder was dit moeilik vir vryswartes om hul sonder grond of kapitaal as boere te vestig. Daarom het die meeste vryswartes in Kaapstad en omgewing gewoon waar hulle veral handwerskers en kleinhandelaars was.⁷¹ Elphick en Shell toon aan dat die persentasie slawe wat in die Kaapkolonie vrygestel is baie kleiner was as dié in Latyns-Amerika en meen dat dit in die Kaapkolonie veel moeiliker was vir 'n vrygestelde slavin as in Brasilië om 'n huwelik met 'n kolonis van Europese afkoms aan te gaan en so as deel van die kolonistegroep aanvaar te word.⁷² Laasgenoemde stelling word deur Heese betwyfel. Hy wys daarop dat ook 'n huwelik met 'n vryswarte of vrygeborene die weg na opname in die "hoofstroom" van die kolonistegemeenskap kon baan.⁷³ In 'n vergelykende studie van rasverhoudinge in die VSA, Brasilië en Suid-Afrika lewer AW Marx kritiek op die siening van Degler en andere dat slawerny in Brasilië meer "humanitêr" was as in baie ander lande en wys hy daarop dat, hoewel daar in Brasilië meer slawevrystellings as in Noord-Amerika plaasgevind het, dikwels siek en ou slawe vrygestel is en dat die vrygesteldes binne die hierargiese struktuur van die Brasiliaanse samelewing meesal slechter daaraan toe was as die slawe. Ook al was die deur vir Brasiliaanse mulatte (dit wil sê mense wat deels van slawe afgestam het) wel gedeeltelik oop vir opname in die dominerende koloniste-gemeenskap, soos Degler beweer, was die deur beslis nie heeltemal oop nie en het die meeste mulatte nie in die voorregte van die elitegroep gedeel nie.⁷⁴

71 N Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 144-146.

72 R Elphick & R Shell, "Intergroup Relations...", R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society 1652-1840*, pp. 203, 208. Hulle grond hul vergelykinge met Brasilië op die studie van CN Degler, *Neither black nor white; Slavery and race relations in Brazil and the United States* (New York, Macmillan, 1971).

73 HF Heese, "Challenging certain aspects...", *Kronos*, 17, 1990, pp. 74-75.

74 AW Marx, *Making race and nation; A comparison of the United States, South Africa and Brazil* (Cambridge, University Press, 1998), pp. 48-56, 65-70. Hy gee ongelukkig baie min aandag aan ontwikkelinge voor 1800 en doen, wat slawerny en bloedvermenging in die vroeë periode betref, min direkte vergelyking tussen Brasilië en die Kaapkolonie.

Algemene samelewingspatrone

Die eerste werk waarin 'n oorsig gebied word van die ontwikkeling van die samelewning in die vroeë Kaapkolonie, wat alle bevolkingsgroepe betref, is in 1937 gelewer deur die psigoloog ID MacCrone.⁷⁵ Soos die titel van sy werk aandui, was hy veral daarin geïnteresseerd om die ontstaan van rasseskeidslyne na te gaan. Hy dui aan dat daar heelwat bloedvermenging tussen die verskillende groepe tydens die Kompanjiesbewind plaasgevind het, en beklemtoon dit dat die verskil tussen Christen en "heiden" vir die koloniste belangriker was as verskille ten opsigte van velkleur. In die oostelike grensgebied van die kolonie het die verskil tussen Christen en nie-Christen egter al meer sinoniem geword met die verskil tussen blank en swart. Aspekte van die boere se Calvinistiese godsdienst, soos die uitverkiesingsleer, het tot hierdie ontwikkelinge bygedra. Kleurvooroordeel was volgens hom reeds goed gevvestig teen die einde van die agtende eeu.⁷⁶ Hierdie beskouing is aanvanklik feitlik algemeen deur geskiedkundiges, insluitende Afrikaanse geskiedskrywers, aanvaar,⁷⁷ maar sedert die laat twintigste eeu deur baie historici verworp.⁷⁸ Uit die argumente van resente historici blyk dit dat MacCrone 'n enkele faktor wat wel 'n rol in die ontstaan van rasseskeidslyne gespeel het ten onregte as die vernaamste faktor geïdentifiseer het.

Elphick en Giliomee se *The shaping of South African society* is gegronde is op veel meer navorsing as wat deur MacCrone gedoen is en bied 'n omvatter geheelbeeld van die vroeë Kaapse samelewning.⁷⁹ Een van die oogmerke van die skrywers was om 'n nuwe teorie oor die ontstaan van kleurvooroordeel en rassemeeerdeerdeerdigheid na vore te bring. Dit is veral gedoen in die laaste hoofstuk wat handel oor die algemene samelewingspatroon wat in die laat agtende eeu gevvestig was en die faktore wat tot die ontstaan van die besondere patroon geleei het.⁸⁰ Soos die titel van die hoofstuk aandui, toon hulle aan dat Europese beheer in die loop van die Kompanjiesperiode in die Kaapkolonie

75 ID MacCrone, *Race attitudes in South Africa; Historical, experimental and psychological studies* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1937).

76 ID MacCrone, *Race attitudes...*, p. 131.

77 Vergelyk PJ van der Merwe, *Die trekboer...*, pp. 186, 256-257; FA. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha; 'n Inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika* (Johannesburg, Perskor, 1982), pp. 29-30, 43-45.

78 Vergelyk P Maylam, *South Africa's racial past...*, pp. 64-65.

79 Die eerste uitgawe, R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1820* (Cape Town, Longman Penguin) het in 1979 verskyn. 'n Hersiene en uitgebreide uitgawe, R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, waarna reeds dikwels in die artikel verwys is, is gepubliseer in 1989.

80 R Elphick & H Giliomee, "The origin and entrenchment...", R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, pp. 521-566.

gevestig is. Die koms van meer immigrante uit Europa en die ontwikkeling van die Kaapkolonie se ekonomie, wat gerig was op landbou en veeteelt, het hierin 'n belangrike rol gespeel.⁸¹ Die vraag na grond en arbeid het volgens die twee historici daartoe gelei dat die oorgrote meerderheid inboorlinge binne die grense van die Kaapkolonie teen 1795 hul grond, of weivelde, verloor het en in die koloniale ekonomie opgeneem is, hoofsaaklik as plaaswerkers, waar hulle 'n onderhorige posisie teenoor die koloniste ingeneem het.⁸² Die twee outeurs beskryf in groot mate die tipiese patroon wat kolonisering in die setlaarkolonies aangeneem het, soos kortlik in die tweede afdeling hierbo bespreek is. Uit die werke van historici oor die Kaapkolonie in die VOC-tydperk, beginnende by die geskrifte van vroeë geskiedskrywers soos GMCC Theal, blyk dit dat gedurende die hele Kompanjiesperiode die koloniseerders hul dominerende posisie in die westelike dele van Suid-Afrika gevestig en gekonsolideer het.

Elphick en Giliomee sien die vestiging van die koloniale orde ook as die vestiging van 'n rasste-orde. Hulle skryf dat die vestiging van, wat hulle noem, blanke beheer uiteindelik terugherlei word na die Kompanjie se regstelsel, waarvolgens die slawe en die Khoikhoi nie in alle opsigte dieselfde regte gehad het as die koloniste nie en waar mense van Europese afkoms dus 'n bevoorregte posisie teenoor groepe van nie-Europese afkoms ingeneem het.⁸³ Hoewel die Khoikhoi aanvanklik as vrye persone beskou is, het wette wat hul vryheid ingeperk het, veral die bepalings rakende die inboekstelsel, beteken dat hulle nie gelyke regte met die koloniste gehad het nie.⁸⁴ Die klein groep vryswartes in Kaapstad het aanvanklik formeel dieselfde regte as die ander koloniste gehad, maar daar is volgens die twee outeurs, vanaf die helfte van die agtende eeu in regsake teen hierdie groep gediskrimineer.⁸⁵ Hulle erken

81 R Elphick & H Giliomee, "The origin and entrenchment...", R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, pp.532-535.

82 R Elphick & H Giliomee, "The origin and entrenchment...", R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, pp.545.

83 R Elphick & H Giliomee, "The origin and entrenchment...", R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, pp. 529-530. A Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop...*, pp. 274-275, wys daarop dat hierdie juridiese kategorieë ook in ander VOC-kolonies bestaan het. Hy meen dat dit onjuis is om die kategorieë met rasverskille te verbind en 'n verklaring vir die ontstaan van rasseskeidslyne daarop te baseer.

84 R Elphick & H Giliomee, "The origin and entrenchment...", R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, pp. 529, 550, 559. Die posisie van die Khoikhoi in die Kaapkolonie verskil in hierdie opsig nie van dié van inboorlinge in die meeste Europese setlaarkolonies in dieselfde tydperk nie. In die Spaanse koloniale ryk in Amerika, byvoorbeeld, is die Indiane formeel as mense met dieselfde regte as die koloniste beskou, maar is daar ook maatreëls ingestel wat hulle verplig het tot arbeid op landgoedere wat in die hande was van koloniste. Vergelyk DK Fieldhouse, *The colonial empires...*, pp. 22-23.

85 R Elphick & H Giliomee, "The origin and entrenchment...", R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, pp. 541, 554.

wel dat sommige Kompanjiesamptenare en grondeienaars in die beginjare nie van suiwer Europese herkoms was nie en dat daar heelwat bloedvermenging in die Kompaniestyd plaasgevind het, maar dit was meesal buite-egtelik van aard en “the Europeans maintained a clear group identity, admitting only a few black women to the group and regarding themselves as distinct even from those who, though not pure Europeans, were partially European in ancestry and Christian in religion”.⁸⁶

In die agtiende eeu, toe daar nie meer ‘n tekort aan vroue van Europese herkoms was nie, het ryk koloniste eerder met arm koloniste van Europese oorsprong getrou as met mense van (hoofsaaklik) nie-Europese herkoms. Volgens Elphick en Giliomee het daar in hierdie periode onder die koloniste vooroordele voorgekom teenoor die slawe, vryswartes en Khoikhoi, wat nie net met somatiese verskille te doen gehad het nie, maar ook met ‘n afkeer van “heidense” godsdienste en inheemse kultuurelemente. Hierdie vooroordele kom volgens hulle op rassisme neer.⁸⁷ Hieruit blyk dit dat Elphick en Giliomee ‘n beskouing van ras en rassisme het waarin somatiese kenmerke en kulturele aspekte albei ‘n rol speel. Hulle gebruik dus twintigste-eeuse beskouinge oor ras en rassisme om die aard van die agtiende-eeuse Kaapse koloniale samelewing te probeer verstaan.

Fredrickson se beskouing van die algemene kenmerke van die agtiende-eeuse samelewing in die Kaapkolonie, en die rol van integrasieprosesse daarin, verskil in verskeie opsigte van dié van Elphick en Giliomee. Hy sien hierdie samelewing as “a class society in which race mattered in the determination of status but was not all-important”.⁸⁸ Hy meen dat daar tussen die “white upperclass” van Kompanjiesamptenare en welvarende wyn- en graanboere en die “servile class” van slawe en Khoikhoi ‘n tussengroep was van mense wat hoofsaaklik van Europese afkoms was maar wat ook sommige “free people of color” ingesluit het.⁸⁹ Fredrickson beklemtoon vervolgens dat die koloniale samelewing aan die Kaap nie goed verstaan kan word deur dit net met die Noord-Amerikaanse of die Latyns-Amerikaanse patroon te vergelyk nie. Eerder moet die omstandighede in Nederlands-Oos-Indië in gedagte gehou word waar baie mense van gemengde bloed amptelik as Europeërs geklassifiseer is.

86 R Elphick & H Giliomee, “The origin and entrenchment ...”, R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, pp. 559-560.

87 R Elphick & H Giliomee, “The origin and entrenchment...” R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, pp. 549-550.

88 GM Fredrickson, *White supremacy...*, p. 88.

89 GM Fredrickson, *White supremacy...*, p. 88.

Aan die Kaap is daar gepoog om dieselfde roete te volg, maar dit is teenewer werk deur 'n tendens om 'n kleurskeidslyn, soos in die VSA, te vestig.⁹⁰ In die Kaapkolonie onder die Kompanjiesbewind was "gemengde" huwelike baie meer aanvaarbaar as in Noord-Amerika, en hy meen dat in die periode van 1688 tot 1807 sowat 24% van die huwelike waarby koloniste betrokke was as "gemeng" geklassifiseer kan word.⁹¹ Heelwat meer "inter-racial mobility" het in die Kaapkolonie as in Noord-Amerika bestaan.⁹² Selektiewe opname van persone van gemengde herkoms in die hoër klasse het steeds gedurende die Kompanjiesperiode plaasgevind, maar in die laat agtiende eeu was daar onder die koloniste tog 'n kleursnobisme waarneembaar. Die beskouing dat bloedvermenging met mense van nie-Europese herkoms die blanke bevolking sou kontamineer, het, volgens Fredrickson, eers diep in die negentiende eeu ontwikkel.⁹³

Elphick en Giliomee het albei kritiek op Fredrickson se interpretasie gelewer. Hulle meen dat Fedrickson die invloed van die patroon in Nederlands-Oos-Indië oorskot en dat sy beskouing van die bestaan van 'n "tussengroep" in die Kompanjiestyd hoofsaaklik op die omstandighede in Kaapstad gebaseer. Veral op die Wes-Kaapse platteland was daar waarskynlik baie skerper rasseskeidslyne.⁹⁴ Verder verwerp Giliomee Fredrickson se gevolgtrekking dat daar in die agtiende eeu 'n noemenswaardige aantal mense van nie-Europese herkoms in die kolonistegroep opgeneem is.⁹⁵ Soos in die volgende paragrawe na vore kom, bestaan daar verskille tussen historici oor bogenoemde sake en is daar latere skrywers wie se siening meer ooreenkomen met dié van Fredrickson as dié van Elphick en Giliomee.

Heese verwys na die Kaapkolonie in die Kompanjiestyd as 'n smeltpot wat moeilik geëwenaar kan word. Indien rasseklassifikasie soos in Noord-Amerika aan die Kaap toegepas sou wees, sou die blanke bevolking vandag veel kleiner en die "kleurlingsgroep" veel groter gewees het.⁹⁶ Die beoefening van veeboerdery in die afgeleë binneland het dit makliker gemaak vir mense wat deels van

90 GM Fredrickson, *White supremacy...*, pp. 97-98.

91 GM Fredrickson, *White supremacy...*, p. 115. Hierdie persentasie is waarskynlik verkeerd bereken. Vgl. H Giliomee, "White supremacy; a comparative perspective", *Standpunte*, 36, 4, 1983, p 18, en HF Heese, *Groep sonder grense...*, p. 5. Heese meen dat dit eerder ses tot sewe persent behoort te wees.

92 GM Fredrickson, *White supremacy...*, p. 120.

93 GM Fredrickson, *White supremacy...*, pp. 120-123.

94 R Elphick, "A comparative history of white supremacy", *Journal of Interdisciplinary History*, 13, 3, 1983, pp. 503-513; H Giliomee, "White Supremacy; A comparative perspective", *Standpunte*, 36, 4, 1983, veral pp. 15, 20.

95 Giliomee, "White Supremacy; A comparative perspective", *Standpunte*, 36, 4, 1983, pp. 19-22.

96 HF Heese, *Groep sonder grense...*, p. 14.

Afrika- of Asiatiese afkoms was om, tot aan die einde van die agtiende eeu, as deel van die kolonistegroep aanvaar te word.⁹⁷ Tot laat in die agtiende eeu was die indeling in groepe volgens afkoms nog nie duidelik afgebaken nie, hoewel verskille in status tog verband gehou met somatiese eienskappe maar ook met die kulturele agtergrond van veral die moeder. In Kaapstad en omgewing was die velkleur en ander somatiese eienskappe van ‘n in vryheid gebore persoon voor 1795 nie ‘n wetlike struikelblok tot materiële en sosiale vooruitgang nie. Lidmaatskap van ‘n Christelike kerk het assimilasie in die kolonistegroep ‘n groter moontlikheid gemaak.⁹⁸ Soos Fredrickson meen Heese dus dat in die Kompanjiestyd somatiese eienskappe slegs een van ‘n aantal faktore was wat sosiale status en opname in die kolonistegroep bepaal het.

Van Aswegen bied slegs ‘n samevatting van die werk van ander historici, maar die geheelbeeld wat hy skets bevat ook elemente van ‘n eie interpretasie. Hy beklemtoon dit dat die verhoudinge tussen die verskillende bevolkingsgroepes in die Kompanjiestyd ontwikkel en verander het. Teen 1795 het hierdie verhoudinge nog nie ‘n finale vorm aangeneem het nie en was dus nog baie vloeibaar. Volgens Van Aswegen was daar teenstrydighede in die aard van die verhoudinge: In die laat agtiende eeu was “rassegevoelens” onder die koloniste reeds taamlik sterk, maar terselfdertyd het huwelike en buite-egtelike verbintenisse van koloniste met Khoikhoi en slawe nog voorgekom.⁹⁹ In die agtiende eeu was daar ook statusverskille in die Nederlandse samelewning wat in die Kaap ‘n invloed gehad het en meegebring dat welvarende koloniste ‘n sosiale afstand tot koloniste, insluitende vryswartes, wat minder welvarend was gehandhaaf het. Verskille tussen besitters en werkers het veral die basis gevorm vir status- en klasseverskille waarin velkleur ‘n belangrike rol begin speel het. Op die platteland het hierdie verskille teen 1795 reeds ‘n vaster vorm aangeneem as in Kaapstad.¹⁰⁰

Ross se beskouing van die Kaapse samelewning in die Kompanjiestyd, wat berus op ‘n deeglike bestudering van oorspronklike bronne, verskil ook in belangrike opsigte van dié van Elphick en Giliomee. Anders as hulle meen Ross dat tot diep in die agtiende eeu daar geen ideologie van rassisme ontwikkel het nie en dat sosiale status nie aan rassekriteria gekoppel is nie; “partial non-European ancestry in no way precluded the reaching of the highest

97 HF Heese, *Groep sonder grense...*, p. 20.

98 HF Heese, *Groep sonder grense...*, p. 35.

99 HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika...*, pp. 159-161.

100 HJ van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika ...*, p. 161.

positions in society open to those who had been born at the Cape".¹⁰¹ Dit hang volgens hom daarmee saam dat die politieke mag in die hande van die VOC-amptenare was en dat hulle dus die eintlike elite gevorm het, en verder dat die stelsel van slawerny meegebring het dat iemand wat nie 'n slaaf was nie die status van 'n vrye persoon gehad het. Mense wat vir meer as 'n geslag vry was, het die stigma wat daaraan verbonde was om 'n slaaf te wees verloor, en was potensiel die gelyke van ander vry inwoners van die kolonie.¹⁰² Op grond van sy bestudering van regskape in hierdie periode meen hy, anders as Elphick en Giliomee meen dat die regstelsel nie noodwendig die koloniste bo die ander groepe bevoordeel het nie.¹⁰³ Eers in die vroeë negentiende eeu het die toestand verander toe groot groepe inboorlinge in die koloniale ekonomie opgeneem is en die slawe vrygestel is. Om beheer oor voormalige slawe en die Khoikhoi te behou, het die koloniste die kriterium van ras begin aanwend.¹⁰⁴ Ross beklemtoon dan ook die rol van ekonomiese faktore in die ontwikkeling van die idee van rassemeeerdewaardigheid. Volgens hom is dit onjuis om rassekategorieë op die agtende-eeuse samelewing af te dwing, omdat hierdie kategorieë eers later ontstaan het.¹⁰⁵

Giliomee en Elphick oordeel dus dat integrasieprosesse nie daartoe gelei het dat 'n noemenswaardige aantal mense van inboorling- en slaweherkoms in die kolonistegroep opgeneem is nie en dat reeds in die laat Kompanjiesperiode koloniste se beskouinge oor die meerderwaardigheid van hul eie kultuur en van hul eie somatiese kenmerke gelei het tot 'n skerp grens tussen koloniste en ander inwoners van die kolonie wat sosiale integrasie tussen koloniste, inboorlinge en mense van slaweherkoms byna onmoontlik gemaak het. Daarenteen glo ander historici, in besonder Fredrickson, Heese en Ross, dat die rassegrens eers later tot stand gekom het en dat heelwat mense van nie-Europese herkoms voor 1795 in die kolonistegroep opgeneem is. Heese meen selfs dat die latere groep blanke Afrikaners veel kleiner en die aantal bruin mense veel groter sou gewees het as geen sosiale integrasie plaasgevind het nie.

101 R Ross, *Beyond the pale...*, p. 5.

102 R Ross, *Beyond the pale...*, p. 5; vergelyk R Ross, *Status and respectability in the Cape Colony, 1750-1870; A tragedy of manners* (Cambridge, University Press, 1999), p. 33.

103 R Ross, *Beyond the pale...*, p. 7.

104 R Ross, *Beyond the pale...*, pp. 5-6. T Keegan, *Colonial South Africa and the origins of the racial order* (Cape Town, Philip, 1996), argumenteer ook dat die wortels van rasseskeiding in Suid-Afrika veral in die vroeë negentiende eeu te vind is en LJ Mitchell voer in haar resente studie *Belongings...*, veral op p. 180, aan dat tot in die vroeë negentiende eeu die grense tussen die kolonistegroep en die ander inwoners in gebiede soos die Sederberg nog nie skerp getrek was nie.

105 R Ross, *Beyond the pale...*, p. 74.

Gevolgtrekkings

Daar is reeds heelwat navorsing gedoen wat betrekking het op integrasieprosesse in die vroeë Kaapkolonie. Oor baie aspekte, soos presies hoeveel bloedvermenging tussen verskillende bevolkingsgroepe plaasgevind het, is die gegewens te beperk om meer spesifieke gevolgtrekkings te maak. Daar is beslis ruimte vir nog meer indringende navorsing wat moontlik in die toekoms 'n einde sal maak aan interpretasieverskille tussen historici. Hierdie verskille hou, soos Giliomee tereg opmerk, verband met verskillende denkskole binne die geskiedwetenskap. Marxistiese of materialisiese skrywers beklemtoon die rol van ekonomiese faktore en die klassestryd in die ontwikkeling van rasseverhoudinge in Suid-Afrika en sien daarom, onder ander, klasseverskille in die vroeë Kaapkolonie as belangriker as rasseverskille. Tog gee hy toe dat die verskille tussen sy en Fredrickson se interpretasies nie tot verskille in denkskole herlei kan word nie.¹⁰⁶

Pogings om die oorsprong van beskouinge, praktyke en regeringsmaatreëls wat verband hou met die rassekonsep na te gaan het 'n kardinale rol gespeel in die studies van veral Elphick, Giliomee en Fredrickson. Dit het tot gevolg dat in die navorsing oor integrasieprosesse tot dusver verhoudinge tussen mense wat van mekaar verskil ten opsigte van somatiese eienskappe besondere aandag geniet. Die belang van velkleur en ander aspekte van fisiese voorkoms vir die mense van die sewentiende en agtiende eeu is hierdeur moontlik oorskot.¹⁰⁷ Ongetwyfeld is die aanvaarding van mense met ander somatiese kenmerke as deel van 'n kolonistegroep 'n kernelement in koloniale integrasieprosesse. Baie belangrik is ook die oornname van aspekte van die kultuur van die koloniseerders, wat, soos uit studies oor koloniale samelewings op verskillende tye en plekke blyk, feitlik deurgaans 'n voorvereiste is vir opname in die kolonistegroep. Aan kulturele integrasieprosesse in die vroeë Kaapkolonie is nie besonder baie aandag gegee in die studies wat tans beskikbaar is nie.¹⁰⁸ Die aanvaarding van Westerse en veral Nederlandse kultuurelemente deur inboorlinge en slawe is desnieteenstaande 'n belangrike aspek van integrasieprosesse in die vroeë Kaapkolonie. Die ontwikkeling van 'n kleurskeidslyn het blanke en bruin Afrikaanssprekendes vir byna twee eeu apart gehou, maar die aftakeling van apartheid het meegebring dat hierdie kleurskeidslyn vervaag het. Die kulturele integrasie wat reeds tydens die Kompanjiesperiode plaasgevind het, maak dit

106 H Giliomee, "White Supremacy: A comparative perspective", *Standpunte*, 36, 4, 1983, pp. 23-27.

107 Vergelyk A Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop...*, p. 288.

108 Die werk van A Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop...*, is in hierdie opsig 'n uitsondering.

tans moontlik dat verdere integrasie tussen die twee groepe op basis van die gemeenskaplike kultuur plaasvind.

Die Amerikaanse geskiedskrywing het 'n groot invloed op die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gehad, onder meer wat betref studies oor slawerny.¹⁰⁹ Die opvallende ooreenkomste tussen rasseskeidingsmaatreëls in die Amerikaanse Suide en die Suid-Afrikaanse beleid van apartheid in die twintigste eeu het ook 'n rol daarin gespeel dat veral gepoog is om parallelle tussen die Suid-Afrikaanse en die Amerikaanse geskiedenis te trek.¹¹⁰ Die voorafgaande bespreking lei egter tot die gevolgtrekking dat integrasieprosesse in die Kaapkolonie voor 1800 meer gemeen het met dié in Suid- en Sentraal-Amerika as dié in Noord-Amerika (veral die latere VSA). Die vraag kom nou na vore met watter gebied in die Nuwe Wêrld die Kaapkolonie voor 1800 die meeste ooreenkomste toon. Besondere kenmerke van die samelewing in die Kaapkolonie wat hierby in gedagte gehou moet word, is dat elk van die drie bevolkingsgroepe, koloniste, slawe en inboorlinge, 'n substansiële deel van die bevolking uitgemaak het. Teen 1795 was daar ongeveer 22 000 koloniste en vryswartes en 26 000 slawe in die kolonie. Die aantal Khoikhoi en San was onbekend maar waarskynlik nie groter as 25 000 nie.¹¹¹ Verder is die slawe en 'n groot deel van die Khoikhoi by die koloniale ekonomie ingeskakel, hoofsaaklik as plaaswerkers, en hierdie groepe het ook verskeie aspekte van die Westerse en in besonder die Nederlandse kultuur aanvaar. Soos vroeër bespreek, is 'n beduidende aantal persone van slaweherkoms in die loop van die sewentiende en agtiende eeu in die kolonistegroep opgeneem.

Groot verskille bestaan tussen die Kaapkolonie en die Engelse (later Britse) kolonies in Noord-Amerika, waar byna geen inboorlinge in die koloniale stelsel opgeneem is nie. Verder het daar in die Kaapkolonie heelwat meer boedvermenging tussen koloniste, slawe en inboorlinge voorgekom en het 'n heelwat groter persentasie afstammelinge van slawe deel van die kolonistegroep geword.¹¹²

109 Vergelyk G Cuthbertson, "Cape slave historiography...", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 27, 1992, pp. 26-49.

110 Vergelyk JS Bergh, "White Supremacy twenty years on...", *Historia*, 48, 1, 2003, pp. 355-372.

111 R Elphick & H Giliomee, "The origin and entrenchment...", R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840*, p. 524.

112 Soos hierbo aangedui, meen Elphick en Giliomee dat die aantal mense van nie-Europese herkoms wat in die kolonistegroep opgeneem is nie as beduidend beskou kan word nie. Hulle aanvaar egter wel die berekening dat die voorouers van "blanke" Afrikaners teen 1800 vir ten minste vyf persent van nie-Europese afkoms was, wat na alle waarskynlikheid veel meer is as in die geval van "blanke" inwoners van die V.S.A. tweehonderd jaar gelede. Vgl H Giliomee, "White Supremacy; A comparative perspective", *Standpunte*, 36, 4, 1983, p. 19.

Op die Karibiese eilande, waar die Spanjaarde, Britte, Franse en Nederlanders almal kolonies gehad het, is feitlik al die inheemse bewoners uitgeroei en op die meeste van die eilande is daar maar min koloniste gevestig.¹¹³ Aan die noordkus van Suid-Amerika het die Nederlandse kolonie Suriname steeds 'n groot inheemse bevolking gehad en heelwat slawe uit Afrika is daarheen gebring. Daar was 'n klein groep koloniste, wat veral plantasie-eienaars en -bestuurders asook handelaars en vakmanne ingesluit het. In die loop van die agtiede en negentiende eeu het die meeste koloniste uit Suriname verdwyn. Heelwat bloedvermenging het plaasgevind en 'n belangrike groep vrygestelde slawe en ander mense van gemengde herkoms het tot stand gekom. Anders as aan die Kaap is die vrygesteldes deur die owerheid verbied om met slawe te trou. Dit is waarskynlik veral gedoen met die oogmerk om die sosiale afstand tussen die vrygestelde slawe, asook hul afstammelinge, en die koloniste van Europese herkoms te verklein en tegelykertyd die gaping tussen die vrygesteldes en die slawe te vergroot.¹¹⁴ Die koloniste in Suriname het 'n veel kleiner persentasie van die bevolking uitgemaak as in die Kaapkolonie.¹¹⁵ Verder het Suriname se ekonomie hoofsaaklik berus op suiker-, koffie- en katoenplantasies, terwyl die inheemse bevolking merendeels 'n tradisionele bestaanekonomie in die reënwoude van die binneland beoefen het. Daar was dus heelwat verskille tussen die omstandighede in die Kaapkolonie en in Suriname.

In die Spaanse kolonies op die Amerikaanse vasteland het slawe, wat uit Afrika ingevoer is, oor die algemeen net 'n klein deel van die bevolking uitgemaak. In die Portugese kolonie Brasilië, daarenteen, het Europese koloniste, slawe en inboorlinge elk 'n belangrike deel van die bevolking gevorm en daar het heelwat bloedvermenging tussen die groepe plaasgevind. In die agtiede eeu het daar verskillende groepe van gemengde herkoms bestaan. Die koloniale elite was grotendeels van Europese herkoms, maar het ook mense wat gedeeltelik van slawe- en inboorlingoorsprong was ingesluit.¹¹⁶ Belangrike

113 H Hoetink, *The two variants in Caribbean race relations; A contribution to the sociology of segmented societies* (London, Oxford University Press, 1967; vertaal uit Nederlands), onderskei tussen twee patronen van rasverhoudinge in die lande in en rondom die Karibiese See, naamlik 'n Noordwes-Europese patroon, in die (hoofsaaklik vroeëre) Britse, Franse en Nederlandse kolonies (insluitende die suidelike VSA), en 'n Iberiese patroon in die vroeëre Spaanse en Portugese kolonies. Sy studie is egter sterk op die huidige situasie gefokus.

114 Vergelyk JL Hattingh, "Mens – maar van 'n ander kleur; vrygestelde slawe in Nederlandse Kolonies anders as die Kaap die Goeie Hoop, 1600-1800" (Ongepubliseerde Navorsingsverslag, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville, 1990), pp. 137-144, 219-223.

115 Volgens H Hoetink, "Surinam and Curacao", DW Cohen & JP Greene (eds), *Neither slave nor free; The freedmen of African descent in the slave societies of the New World* (Baltimore, John Hopkins University Press, 1972), p. 61, het die aantal Europese koloniste nooit meer as sewe persent van die aantal slawe uitgemaak nie.

116 Vergelyk DK Fieldhouse, *The colonial empires...*, p. 30; CR Boxer, *The Portuguese seaborne empire, 1415-1825* (London, Hutchinson, 1969), pp. 172-173; EB Burns, *A history of Brazil* (New York, Columbia University Press, 1970), pp. 33-43.

ooreenkomste bestaan dus tussen die Kaapkolonie en Brasilië gedurende dieselfde tydperk, maar daarbenewens ook groot verskille. Brasilië het 'n veel groter gebied beslaan as die Kaapkolonie en teen 1800 tussen drie en vier miljoen inwoners getel. Daarbenewens het mynbou in die agtiende eeu 'n belangrike deel van die ekonomie uitgemaak. Anders as aan die Kaap het die kerk reeds in die vroeë koloniale fase 'n belangrike rol gespeel om die Indiane tot die Christendom te bekeer en die Portugese taal en kultuur onder hulle te versprei.

Hierdie opmerkings oor Suriname en Brasilië toon dat die vroeë Kaapkolonie wel meer ooreenkomste toon met Suid-Amerika as met Noord-Amerika, maar dat dit as, onder meer, die enigste Nederlandse kolonie met 'n groot aantal koloniste en die enigste setlaarkolonie in Afrika gedurende hierdie periode, in baie opsigte 'n unieke plek tussen die sewentiende- en agtiende-eeuse Europese setlaarkolonies beklee het.

Soos in die vorige afdelings aangetoon is, is daar maar min vergelykende navorsing gedoen wat betref die Kaapkolonie en ander setlaarkolonies gedurende die sewentiende en agtiende eeue. Fredrickson het met sy vergelykende studie van die VSA en Suid-Afrika die belangrikste bydrae gelewer, maar heelwat minder as die helfte van sy boek handel oor die periode voor 1800. Hy gee ook weinig aandag aan die verhouding tussen inboorlinge en koloniste in die sogenaamde grensgebiede gedurende die agtiende eeu. Nog geen studie het verskyn waarin die Kaapkolonie en kolonies in Latyns-Amerika voor 1800 meer as kursories met mekaar vergelyk word nie. Vergelykende navorsing oor die Kaapkolonie en Brasilië of 'n ander Latyns-Amerikaanse gebied en moontlik ook 'n omvattende vergelykende studie waarin al die setlaarskolonies in die periode 1500-1800 behandel word, sal waarskynlik van groot waarde wees om integrasieprosesse in die vroeë Kaapkolonie binne 'n wyer konteks te interpreteer. 'n Wyer konteks kan die verskille tussen historici soos Giliomee, Elphick, Heese en Ross oor die kenmerke van die Kaapse samelewing in duideliker perspektief plaas en uiteindelik ons begrip van die vroeë Suid-Afrikaanse geskiedenis verruim.